# ULUNU SAFARIS REËLS

**Aanvaarding:** Alle jagters en besoekers bevestig dan ook met hulle betreding van die plaas dat hulle in kennis gestel is van die reëls, dit verstaan en in geheel aanvaar. Geen wysiging sal geldig wees tensy dit deur die eienaar skriftelik bevestig word nie.

**Alkohol:** Geen alkohol mag in die veld gebruik word nie en geen persoon onder die invloed van alkohol mag enige vuurwapen of voertuig hanteer nie.

**Ammunisie:** Geen volmantel ammunisie en/of ammunisie ligter as 100-grein mag vir die jag aangewend word nie.

**Betaling:** 50% van akkommodasie fooi is betaalbaar met bespreking.

**Beperking:** Slegs diere op die pryslys gespesifiseer vir jagdoeleindes, mag gejag word. Geen skoot mag op enige ander dier, voël of plant afgevuur word nie.

**Bewys:** Gidse se woord t.o.v. die handhawing van hierdie reëls, gebeure op die plaas, wild gejag ens. word as finaal en bindend op alle partye aanvaar.

**Eiendomsreg:** Eiendomsreg van die wild bly by die eienaar totdat dit ten volle vereffen is.

**Faktuur:** Moet binne drie (3) dae betaal word, verkieslik voordat jy van die plaas vertrek. Die faktuur nommer moet gebruik word vir die verwysing. Bewys van betaling moet aan admin@ulunusafaris.co.za gestuur word. Die groepleier wat die bespreking gemaak het is verantwoordelik vir die volle vereffening van die rekening.

**Geen Skote:** Geen skote mag onder enige omstandighede afgevuur word nie tensy een van ons gidse teenwoordig is en dit goedkeur. Ten opsigte van elke sodanige skoot wat afgevuur word sal 'n boete prys betaalbaar wees. Indien enige ongemagtigde voëls of diere geskiet word, sal die boete prys betaalbaar wees.

**Gekweste Diere:** Enige wild wat gekwes word sal as gejag beskou word en die volle waarde daarvan sal betaalbaar wees. Enige bloed, been, vel, vleis of hare wat gevind word sal as voldoende bewys dien dat die dier wel getref is. Verseker asb dat alle gekweste wild so gou moontlik opgespoor word. Hoewel die gidse u behulpsaam sal wees daarmee rus die verantwoordelikheid vir die opspoor van gekweste wild by die jagter alleenlik. Bestuur behou die reg voor om enige tyd alle gidse te onttrek en/of jag aktiwiteite te staak om te help met die opspoor van gekweste wild.

**Gidse:** Een gids tussen 2 jagters met 'n maksimum van 4 per groep word beskikbaar gestel. Gidse is nie persoonlike bediendes nie en sal slegs behulpsaam wees met die opspoor en afslag van wild. Om wild te identifiseer, te jag en vleis te bewerk, is die jagter se eie verantwoordelikheid. Gidse wat gehaal word om u te vergesel, moet weer teen die einde van die dag se jagtog en/of slag, teruggeneem word na hulle behuising.

**Groepsaanspreeklikheid:** Jagters/besoekers wat bespreek as 'n groep, word as sodanig behandel, en aanvaar as 'n groep gesamentlik en afsonderlik verantwoordelikheid vir die nakoming van hierdie reëls en ook vir enige bedrae en/of skade wat betaalbaar mag wees.

**Hout:** Hout word verskaf vir braaidoeleindes, en nie om van die plaas verwyder te word nie.

**Jag Gebied:** Ons jag nie in 'n radius van 300m om enige van die behuising nie.

**Lisensies en Permitte:** Ons permitte dek nie die jag van voëls nie. Vir die vervoer van vlakvark- en bosvarkvleis reik ons 'n spesiale permit uit. U moet ons voor die jagdatum in kennis stel as u beplan om 'n bosvark en/of 'n vlakvark te jag. Die permit laat nie die vervoer van die vel, kop en pote toe nie.

**ULUNU SAFARIS REËLS**

**Omkopery:** Moet asb nie probeer om die gidse om te koop nie.

**Probleme:** Geliewe enige probleme wat u ondervind onmiddellik met die plaasbestuurder of eienaar persoonlik op te neem.

**Rente en koste:** Fakture moet binne 3 dae betaal word. Rente sal gehef word teen bedrae wat vir 20 dae of langer uitstaande is. Die groepleier sal verantwoordelik wees vir enige invorderingsgelde wat deur die eienaar aangegaan word, om die uitstaande bedrae te laat invorder.

**Voertuie:** Geen voertuig en/of persoon in besit van 'n jag of vuurwapen mag buite die jagkamp beweeg indien nie vergesel word deur 'n gids in diens van die eienaar nie. Die gebruik van die eienaar se voertuig moet vooraf gereël word teen die vasgestelde fooi. Ons voertuie is die gidse se verantwoordelikheid en sal slegs deur hulle bestuur word. Jagters mag eie voertuie gebruik. Geen jag vanuit enige voertuig is toegelaat nie.

**Skade:** Enige skade wat veroorsaak word sal deur die skuldiges verhaal word voordat hul die plaas verlaat.

**Toets van Wapens:** . 'n Skietbaan is op Weltevrede beskikbaar om gewere in te skiet onder toesig van een van die gidse. Hoogstens vyf rondtes per geweer word toegelaat.

**Rook verbode in huise/lodge**

Rules also available in English